**KANKER:**

Voorbidding word gevra vir Gideon Erasmus. Hy is gediagnoseer met kanker en het Vrydag, 04 Julie 2025, sy eerste sessie chemoterapie ontvang. Hy moet elf sessies ontvang en die eerste drie is dubbele dosisse. Sy volgende sessie is Vrydag, 18 Julie 2025. Tans ervaar Gideon die minimum newe-effekte.

Issie Swart, Elmo de Beer, Jansen van Niekerk en Tina Fullard bly steeds in ons gebede.

**GESONDHEID:**

Teresa Meintjes, Tersia Meintjes (13 jaar oud), se mamma, is raadop en vra asseblief voorbidding vir Tersia. Tersia sukkel steeds met haar derms en maag en was Dinsdag, 15 Julie 2025, weer by die dokter. Hulle sê Tersia se derms is vernou en dit veroorsaak haar probleme.

Oom Frikkie Smith, Manie en Elize Visser, asook Annetjie Lubbe, Lien Malan se 89-jarige moeder, bly steeds in ons gebede.

**OPERASIES:**

Ons bid steeds vir Anita Venter en Ans Kleynhans vir volkome herstel.

**STERFTES:**

Baba Strauss is Sondagoggend, 06 Julie 2025, na ‘n baie lang stryd met haar gesondheid, oorlede.
Ons harte gaan uit na haar kinders, kleinkinders, haar familie en vriende. Mag hulle die Here se nabyheid en vertroosting in dié hartseertyd baie intens ervaar.

**SWANGERSKAPPE:**

Heinrich en Erisha Rautenbach is swanger met hulle tweede baba.
Die verwagte datum is einde Januarie 2026.

Neels en Sonandie Janse van Rensburg is swanger met hulle derde baba.
Die verwagte datum is 09 September 2025.

Ons bid julle ‘n baie gesonde, geseënde en voorspoedige swangerskap toe.

**ANDER:**

Mense, veral ons jongmense, wat sukkel met dwelm- en drankafhanklikheid;

Die lande en mense wat in oorlog gewikkel is;

Ons boere en hulle gesinne, hulle veiligheid, hulle plase, vee en oeste.